| | |
|---|---|
| **Tema** | **My Familie** |
| **Donderdag** | **23 April 2020** |
| **Wetenskap** | **Sink en dryf** |
| | - Soek na klein voorwerpe in die huis wat julle wil ondersoek. Gaan dit sink of dryf?<br>- Neem ‘n groot bak (verkieslik deurskynend) en tap die bak driekwart vol met water.<br>- Bespreek vooraf of die voorwerp sal sink of dryf en hoekom julle so sê. Kyk dan wat gebeur.<br>- Is julle bevindings reg? Hoekom of hoekom nie?<br>- Kleuter teken dan die eksperiment op papier. |
| **Liggaamsopvoeding vir die dag of buitespeletjies** | - Maak ‘n lys van voorwerpe wat kleuter moet gaan soek byvoorbeeld twee grys klippe, |

| | |
|---|---|
| | een pienk blom, drie insekte, vyf groen blare, vier sirkels, sewe driehoeke, ‘n blompot, ‘n kar, ‘n swaai ens.<br>- Kleuter merk op die lys af as hy/sy die voorwerpe gekry het.<br>- Skop vir mekaar bal, gooi en vang, kyk wie kan die bal die hoogste/verste gooi.<br>- Gebruik ‘n toiletrolletjie en balanseer ‘n bal bo-op terwyl geloop word na ‘n merker. Maak dit meer pret deur julle oë toe te maak. |